Die Voortrekkers

Posbus 12015, Queenswood, 0121
Pierneefstraat 901, Villieria, 0186
Tel 012 329 6011 / 086 613 9913
E-pos hkvoort@iafrica.com
www.houkoers.co.za

Vrydag 26 April 2019

Beste Verkenner/Ouer/Offisier

INSAKE: WILGEDRAAI VOORTREKKERKAMP 2019 - KAMPINLIGTING

Hier volg die inligting vir Wilgedraai Voortrekkerkamp 2019:

Inskrywings: Inskrywings word aanlyn deur middel van Wilgedraai se webblad hanteer en nie deur die kommando's nie. Gebruik die skakels hieronder om in te skryf:

Kinders: www.wilgedraai.co.za/inskrywingsvorm-jeuglede/

Volwassenes: www.wilgedraai.co.za/inskrywingsvorm-volwassenes/

Slegs die ouer of wettige voog van 'n kind mag die aanlyn inskrywingsvorm voltooi, kinders mag onder geen omstandighede die vorm self voltooi nie.

Die kampdagbestuur van Wilgedraai Voortrekkerkamp behou die reg voor om enige inskrywing, sonder 'n opgaaf van redes, te weier.

Sperdatum vir inskrywings: Saterdag 31 Augustus 2019 (Inskrywings sal na hierdie datum gesluit word en geen verdere inskrywings sal aanvaar word nie.)

Betalings: Betalings word aanlyn deur middel van Wilgedraai se webblad hanteer en nie deur die kommando's nie. Ten einde in te skryf vir Wilgedraai Voortrekkerkamp word beide 'n inskrywingsvorm en betaling vereis. Om jou of jou kind se plek op die kamp te verseker, is 'n deposito van ten minste 50% van die totale kampkoste nodig. Vir afbetalingsopsies en -reëlings kan Nicoleen Thirion gekontak word by administrasie@wilgedraai.co.za. Die uitstaande balans moet teen Saterdag 31 Augustus 2019 betaal wees. Indien daar nie

WILGEDRAAI VOORTREKKERKAMP

Tel 083 601 4905 / 082 924 9606
E-pos navrae@wilgedraai.co.za
www.wilgedraai.co.za

Kampleier Nicol Jacobs
Kampsekretaris Nicoleen Thirion
Adjunkkampleiers Jeno Biljon, Susan Moolman, Willem Scholtz

aan hierdie bepalings voldoen word nie, verbeur jy jou of jou die kind se inskrywing vir die kamp (en vir die kursus).

Betalings kan aan Wilgedraai Voortrekkerkamp gemaak word by:

Rekeningnaam:	Wilgedraai Voortrekkerkamp
Bank:	FNB
Rekeningnommer:	623 8308 8088
Takkode:	205 609
Verwysing:	Soos verskaf met die voltooiing van die inskrywingsvorm

Indien 'n EFT gedoen is moet die bewys van betaling aan inskrywings@wilgedraai.co.za gestuur word.

Wilgedraai geen tjeks of kontant aanvaar nie en kwitansies sal per versoek uitgereik word.

Aanmelding: Saterdag 21 September 2019 Seilkuns, Selfbehoud en Vaandrigte

Sondag 22 September 2019 Oewervernuf, Varswaterkunde, Roeikunde, Varswaterhengel, Kampmedia, Ruiterkuns en Motorbootkunde

Indien jou kind se kursus Sondag begin maar hy/sy alreeds Saterdag op die kamp aanmeld is daar 'n addisionele fooi van R35 betaalbaar. Daar sal ook verwag word dat jou kind help met die opslaan en inrig van die kamp.

Vertrek: Saterdag 28 September 2019 om 11:00 (Indien jy en/of jou kind die kamp vroeg moet verlaat, moet daar vooraf met die Kampleier 'n reëling getref word. Niemand mag die kamp sonder toestemming verlaat nie.) Let daarop dat al die kursusse 'n minimum bywooningsperiode het en indien jou kind nie vir ten minste daardie periode die kursus bygewoon het nie, mag Wilgedraai Voortrekkerkamp nie die betrokke kenteken toeken nie.

Terrein: De Bank Voortrekkerkkampterrein (langs die Vaaldam net buite Oranjewille in die Vrystaat)

Aanwysings: Besoek Wilgedraai Voortrekkerkamp se webblad by www.wilgedraai.co.za/terrein/. Let asseblief daarop dat jy slegs met die Metsimaholopad by die kampterrein kan uitkom.

Vervoer: Sien Wilgedraai Voortrekkers se inskrywingsvorms om vir jou of jou kind 'n plek op die bus te bespreek. Indien daar nie van die kamp se busvervoer gebruik word nie, moet jy vir jouself of jou kind vervoer reël na en van die kamp.

Die volgende vervoeropsies is beskikbaar:

Opsie 1:	Eie vervoer	R0
Opsie 2:	Bus: Saterdag (retoer)	R380
Opsie 3:	Bus: Saterdag (een rigting)	R220
Opsie 4:	Bus: Sondag (retoer)	R380
Opsie 5:	Bus: Sondag (een rigting)	R220
Opsie 6:	Bus: Vanaf die kamp terug (een rigting)	R220

Busse vertrek Saterdag en Sondag vanaf Hoërskool Menlopark om 07:00, stop by Highveld Engen 1 Stop en vertrek op 08:00 na die kamp.

Busse vertrek Saterdag 28 September 2019 om 11:00, stop om 13:00 by die Highveld Engen 1 Stop en arriveer om 14:00 by Hoërskool Menlopark.

Verblyf: Kinders moet hulle eie tente saambring. Dit moet verkieslik ’n twee- of driemantent wees. Ons kry van tyd tot tyd ’n donderstorm so daar word aanbeveel dat genoeg ordentlike tentpenne saamgebring word. Wilgedraai Voortrekkerkamp voorsien nie tente vir verblyf nie.

Daar is beperkte slaapplekke in die chalets en houthuisies vir volwassenes. Slaapplek sal toegeken word soos volledige inskrywings en betalings verwerk word. Indien ’n volwassene nie in ’n chalet of houthuisie wil bly nie, moet hulle self ’n tent of karavaan saambring.

Kursusse:

NAAM	*KENTEKEN(S)*	*MAKS.*	*GR.*	*PRYS*
Oewervernuf	Oewervernuf (O)	25	7	R1 150
Varswaterkunde	Varswaterkunde (O) Waterveiligheid (B) Riviere (O)	60	8	R1 150
Roeikunde	Roeikunde (V) Waterveiligheid (B)	36	9	R1 230
Varswaterhengel	Varswaterhengel (V) Waterveiligheid (B)	20	9	R1 250

NAAM	*KENTEKEN(S)*	*MAKS.*	*GR.*	*PRYS*
Seilkuns	Seilkuns (V) Seilvernuf (V)	42	10	R1 330
Kampmedia	Fotografie (V)	10	9, 10, 11	R1 150
Ruiterkuns	Ruiterkuns (V) Anglo-Boereoorlog (A)	20	10, 11, 12	R1 330
Vaandrigte	Waardes (C) Leierskap (L) Selfverdediging (B) Tradisionele Spele (A)	12	10, 11, 12	R1 200
Motorbootkunde	Motorbootkunde (V) Waterveiligheid (B)	20	11, 12	R1 630
Selfbehoud	Varswaterselfbehoud (B)	24	11, 12	R1 180
Mas Luitenante		-	Volw.	R1 200

Kostes: Die bogenoemde kostes sluit in:

- Verblyf vir sewe of agt nagte (afhangende wanneer daar aangemeld word)
- 21 etes oor die loop van die kamp
- ’n Kursuspet
- ’n Kamphemp
- Basiese kursusmateriaal

Inpaklyste: Inpaklyste sal op die webblad gepubliseer en uitgestuur word nadat die kamp se inskrywings gesluit het.

Aanlyn winkel: Daar is verskeie items te koop in Wilgedraai se aanlyn winkel by die volgende skakel: www.wilgedraai.co.za/winkel/. (Die aanlyn winkel sal slegs beskikbaar wees indien jy as ’n gebruiker op die webblad ingeteken is. Indien jy nie ’n gebruikersrekening het nie, gaan jy eers een moet skep.)

Snoepie: Daar sal deur die loop van die kamp ’n snoepie beskikbaar wees. Hierdie snoepie is egter kontantloos. Ouers kan vir hulle kinders snoepiegeld oorbetaal deur middel van die aanlyn winkel. Hierdie geld sal dan op die Verkenner se bandjie (wat hulle by registrasie

ontvang) geplaas word. Hierdie bandjie se strepieskode word dan gebruik om te betaal vir items by die snoepie. Ouers kan selfs gedurende die kamp nog snoepiegeld deur middel van hierdie proses vir hul kinders laai.

Algemene navrae: Navrae kan aan navrae@wilgedraai.co.za gestuur word. Van daar sal dit na die betrokke kampbestuurslid verwys word, wat dit sal opvolg.

Kontak-besonderhede:

AMP	*NAAM EN VAN*	*KONTAKNO.*	*E-POSADRES*
Kampleier	Nicol Jacobs	083 601 4905	kampleier@wilgedraai.co.za
Kampadjudant	Jeno Biljon	083 680 5861	kampadjudant@wilgedraai.co.za
Administrasie	Nicoleen Thirion	082 924 9606	administrasie@wilgedraai.co.za
Finansies	Susan Moolman	082 744 1119	finansies@wilgedraai.co.za
Bemarking	Willem Scholtz	082 823 9446	bemarking@wilgedraai.co.za
Oewervernuf	Francois Thiart	072 925 1269	oewervernuf@wilgedraai.co.za
Varswaterkunde	Cobus Muller	084 511 2802	varswaterkunde@wilgedraai.co.za
Roeikunde	Dewald Muller	084 581 8745	roeikunde@wilgedraai.co.za
Varswaterhengel	Anton van den Berg	061 608 8622	varswaterhengel@wilgedraai.co.za
Seilkuns	Johan Lehmann	083 300 8677	seilkuns@wilgedraai.co.za
Ruiterkuns	Corné van der Merwe	083 306 0357	ruiterkuns@wilgedraai.co.za
Kampmedia	Derek van der Merwe	083 676 5729	kampmedia@wilgedraai.co.za
Vaandrigte	Jeno Biljon	083 680 5861	vaandrigte@wilgedraai.co.za
Motorbootkunde	Danie Putter	076 050 2640	motorbootkunde@wilgedraai.co.za
Selfbehoud	Willem Scholtz	082 823 9446	selfbehoud@wilgedraai.co.za
Mas Luitenante	Jeno Biljon	083 680 5861	mas.luitenante@wilgedraai.co.za

BEPALINGS EN VOORWAARDES

1. Kursusbeperkinge

1.1. 'n Persoon mag slegs vir een kursus ingeskryf word.

1.2. 'n Kind mag slegs ingeskryf word vir 'n kursus wat vir sy/haar betrokke graadgroep aangebied word.

1.3. Let daarop dat elke kursus slegs 'n beperkte aantal kursusgangers kan akkommodeer. Indien die maksimum bereik word, sal geen verdere inskrywings vir die kursus aanvaar word nie.

1.4. Inskrywings vir ’n kursus kan sonder aankondiging gesluit word op die diskresie van die kampleier en sal die betrokke opsie van die inskrywingsvorm verwyder word.

1.5. Vir al die inligting rakende die kursusse kan op Wilgedraai Voortrekkerkamp se webblad verkry word by www.wilgedraai.co.za/kursusse/.

1.6. Alle inskrywings word aanlyn hanteer word en geen blokbesprekings deur kommando’s sal meer aanvaar word nie.

2. Indeling van volwassenes by kursusse

2.1. Die kursusleier is verantwoordelik om hulle span instrukteurs en fasiliteerders saam te stel.

2.2. Indien ’n volwassene by ’n spesifieke kursus wil diens doen, kan die volwassene dit met die betrokke kursusleier bespreek alvorens die volwassene inskryf.

2.3. Volwassenes wat vir die eerste keer op Wilgedraai Voortrekkerkamp kamp is onderhewig aan die bywoning en voltooiing van die Mas Luitenantekursus (oriënteringskursus vir nuwe volwassenes).

2.4. Die finale indeling van volwassenes by kursusse berus by die kampleier in oorleg met die betrokke kursusleier.

2.5. Seilkuns en Selfbehoud het ’n keuringsproses vir instrukteurs en ’n volwassene kan slegs op uitnodiging diens lewer by hierdie kursusse.

3. Onttrekkings

3.1. Indien dit onmoontlik geraak het vir iemand om Wilgedraai by te woon, nadat die hy/sy ingeskryf het, mag hulle onttrek.

3.2. Dit sal hoog op prys gestel word indien ’n ander persoon in die plek van die onttrekking kan kom kamp.

3.3. Indien dit nie moontlik is nie, kan die volgende reëling getref word:

(a) As ’n persoon voor Saterdag 31 Augustus 2019 onttrek sal Wilgedraai 100% van die kampgelde terugbetaal word.

(b) As ’n persoon voor Saterdag 7 September 2019 onttrek sal Wilgedraai 50% van die kampgelde terugbetaal.

(c) As ’n persoon na Saterdag 7 September 2019 onttrek sal Wilgedraai ongelukkig geen van die kampgelde terugbetaal nie omdat daar reeds uitgawes aangegaan is.

3.4. Enige versoek om ’n persoon te onttrek kan aan die Adjunkkampleier: Administrasie, Nicoleen Thirion by administrasie@wilgedraai.co.za gestuur word.

4. Rekonsiliasie

4.1. Kommando’s kan op enige tyd ’n lys van hul inskrywings aanvra. Die Adjunkkampleier: Administrasie sal spoedig werk daarvan maak.

4.2. Kommando’s sal nadat die inskrywings gesluit het ’n rekonsiliasielys ontvang.

4.3. Indien daar enige navrae is rakende ’n spesifieke inskrywing of transaksie kan die navraag aan administrasie@wilgedraai.co.za die Adjunkkampleier: Administrasie, Nicoleen Thirion gestuur word by.

5. Sigarette, drank, dwelmmiddels en items van ’n seksuele aard

5.1. Die gebruik of besit van enige sigarette en e-sigarette deur kinders is verbode.

5.2. Die gebruik of besit van waterpype (hubbly bubblies), drank, dwelmmiddels en items van ’n seksuele aard is vir kinders en volwassenes streng verbode.

6. Vrywaring

6.1. Die standaard vrywaring vir jeuglede van die Voortrekkers is van toepassing en deur ’n kind in te skryf aanvaar die ouer of wettige voog sodanige vrywaring. Dié vrywaring kan verkry word by www.wilgedraai.co.za/vrywaring-jeuglede/.

6.2. Die standaard vrywaring vir volwasse lede van die Voortrekkers is van toepassing en deur hom-/haarself in te skryf aanvaar die volwassene sodanige vrywaring. Dié vrywaring kan verkry word by www.wilgedraai.co.za/vrywaring-volwasselede/.

6.3. ’n Inskrywing vir Wilgedraai Voortrekkerkamp impliseer dat hierdie bepalings en voorwaardes verstaan en nagevolg sal word en dat die kind/volwassenes sy/haar besittings sal onderwerp om deursoek te word, deur lede van die kampdagbestuur, in die geval van ’n oortreding of waar so ’n oortreding vermoed word.

6.4. Indien gevind word dat ’n persoon hierdie beleid oortree, kan die persoon aangesê word om die kamp te verlaat.

Sien jou op Wilgedraai!

Nicol Jacobs